

29 Augustus

Skrifgedeelte: Spreuke 6, 7
Fokusgedeelte: Spreuke 1:8-9

Juwele vir die hart

Spreuke 1:8-9 handel oor 'n belangrike saak: mooimaakgoed, soos oorkrabbetjies, halssnoere, mooi linte vir die hare, klingelende armbande, 'n blink ring aan die vinger. Die mens hou van mooimaak. Die mens wil graag vir ander mooi lyk. Daar is niks verkeerd daarmee nie. Spreuke gee veral vir die jongmens 'n gratis reseppie, 'n geestelike modewenk. In die Bybelse tyd was 'n krans vir die kop en 'n ketting vir die hals gesogte mooimaakgoed. Mans én vroue het hulle so versier. Hieruit maak die Spreukeskrywer 'n toepassing op die geestelike lewe. Jy moet nie net uiterlik mooi en aantreklik wees nie, maar veral innerlik. Die geestelike gawes moet mooi en skoon, aantreklik en begeerlik wees. Nou is die vraag: hoe versier 'n mens jou innerlik? Hoe grimeer jy jou inwendige mens? Hoe kan 'n tiener innerlik mooi, aantreklik, skoon en begeerlik wees? Die Here gee in Spreuke 1:8-9 'n antwoord op die vraag! Wanneer jy luister na die onderrig wat jou pa gee en nie verontagsaam wat jou ma jou leer nie, dan is jy besig met mooimaak. Daarin lê die geheim dus! Gehoorsaamheid aan hoër gesag (HK, Sondag 39) of die nakoming van die vyfde gebod het veel meer betekenis as net maar 'n goeie verhouding tussen ouers en kinders, gesagsdraers en -onderdane. Daarmee versier jy jou, sê God. Gehoorsaamheid is juwele vir die hart. Sulke mense is 'n sieraad vir die Here.

Sing: Psalm 119:2

Ds CN van der Merwe (Klerksdorp)